# Hoofstuk IV

............

## Onderwys Onder Kroonkolonie- en Selfbestuur 1900-1910

### 1. Die oorlogsjare.

Die veldkornetskap van Bloemhof het by die kommando van komdt. Tollie de Beer op Schweizer-Reneke aangesluit en daarvandaan na Pudimoe opgeruk. Nadat Taung ingeneem is, het die kommando suidwaarts beweeg na Veertienstrome en toe verder in die rigting van Kimberley getrek.[1]

Die Christianase veldkornetskap, onder velskornet Jan Bosman, het op Grootplaas byeengekom en nadat dit by die Bloemhofse mag aangesluit het, het die gesamentlike mag sy eerste groot botsing met die vyand op Kamdersdam gehad. Hierna het die hele Bloemhofse kommando by die Vrystaatse mag onder genl. Piet Cronje aangesluit en aan die slae van Magersfontein deelgeneem. Met die oorgawe van Cronje by Paardeberg is die Bloemhofse kommando onskadelik gemaak vir die res van die oorlog.[2]

Van die lotgevalle van die onderwysers van hierdie gebied is weinig bekend. Van Niekerk van Christiana het aan die gevegte op Magersfontein deelgeneem en is op Paardeberg gewond en gevangegeneem. Hy is egter nie as krygsgevangene die land

1. Meegedeel deur verskeie inwoners van Christiana, w.o. mnr Jurie Schoeman.
2. Meyer : Die geskiedenis van Bloemhof, 31

uitgestuur nie omdat hy nog lank mediese behandeling moes ontvang.[1] Pearson het nie saam met die kommando vertrek nie en in April van die volgende jaar stuur hy state i.v.m. die skool op Christiana aan die Onderwysdepartement.[2] In 1900 is hy aangestel as waarnemende landdros van Christiana en in hierdie hoedanigheid onderteken hy die verlofbrief van ene J.H.C. Olivier.[3] Hy moes die onaangename taak verrig om drie inwoners van die distrik tot die dood te veroordeel.[4]

Op 16 Mei 1900 het Christiana in die hande van die Engelse mag onder luit.-genl. sir A.Hunter geval,en Bloemhof is in Oktober 1900 beset deur 'n mag aangevoer deur genl.-maj. H.H. Settle.[5]

Hoewel die distrik skoongevee is van lewende hawe en wonings afgebrand is, het Bloemhof en Christiana nie veel stoflike skade gedurende die besetting gely nie. Op Bloemhof is die kerkgebou van die Ned. Herv. of Geref. gemeente afgebrand en die argiefstukke het daarmee verlore gegaan.[6] Hierdie dorpies,wat nooit tevore as welvarend bestempel kon word nie,het 'n moeilike tyd deurgemaak. Die oorgrote gedeelte van die bevolking was delwers en met die uitbreek van die oorlog het die diamantmark geheel en al tot stilstand gekom en die distrik wat "over het geheel genomen tot het minst aantreklike gedeelte van Transvaal behalve om het goud (!) en diamanten die er gevonden kunnen worden,behoort,"[7] het in die skrynendste armoede verval.

1.Meegedeel deur mnr. J.N.Erlank,langs wie Van Niekerk gewond is.
2. O.D.Minute Registers 2572/1906
3.Argief Bloemhof en Christiana : Landdroststukken,ongenommer.
4.Meegedeel deur verskeie inwoners van Christiana.
5.Argief Magistraat,Bloemhof.
6.Meyer:Die Geskiedenis van Bloemhof, 21
7. Lion-Cachet : De Worstelstryd der Transvalers, 387

Tussen 15 en 19 Maart 1900 is 106 persone op Christiana deur die staat van voedsel voorsien,terwyl veldkornet S.G. Coetzee gesertifiseer het dat 393 persone in die bo-wyk van Bloemhof onderstand nodig gehad het.[1]

Nòg Bloemhof,nòg Christiana, het 'n konsentrasiekamp gehad.Vrouens en kinders is wel na die kampe in omliggende dorpe,o.a. Warrenton,Schweizer-Reneke,Mafeking en Klerksdorp gestuur[2] en sommige het hulle in die Merebankse kamp bevind teen die einde van die oorlog.[3]

Daar kon gevolglik geen sprakevan georganiseerde onderwys gewees het nie.Die Engelssprekende inwoners van Christiana het verkies om hulle kinders na 'n skool in die Kaapkolonie te stuur.[4] Die skoolgebou,wat kort voor die uitbreek van die oorlog opgerig is,is soms vir godsdienstige en sosiale byeenkomstes deur die Engelssprekendes gebruik en dit was nog in goeie toestand toe die vrede verklaar is.

Die voorsiening wat daar gemaak is vir onderwys gedurende die oorlogsjare is nie in hierdie gebied toegepas nie.

## 2.Toename van die bevolking van Christiana 1900-1907.

Christiana het 'n bevolking van ongeveer 900 gehad in 1899 en daar was 115 kinders op skool. Toe die skool in die vredesjaar heropen,was daar tweemaal soveel leerlinge.Daar moes dus 'n aansienlike toename in die bevolking gedurende die oorlogsjare gewees het. Hierdie vermeerdering moet veral toegeskryf word aan die aantal delwers vanaf die "Lower River Diggings" (Barkly-Wes en om-

1. Argief Bloemhof en Christiana : Lys van behoeftige families,1900

2.Meegedeel deur verskeie persone in Christiana.

3.Vuurfonteinse Skool : Toelatingsregister.

4. Meegedeel deur mev. E.Smith van Christiana.

streke) wat na die Wes-Transvaal verskuif het nadat die diamantmark herstel het.[1] Die delwerselement het die geskiedenis van Christiana en omstreke vir meer as 40 jaar beïnvloed en dit is nodig om op hierdie tydstip na hierdie verskuiwende, trekkende gedeelte van die bevolking te verwys.

Tydens die stigting van Christiana was dit al bekend dat spoeldiamante in die omgewing te vin was. In Julie 1871 is die eerste kleims op die dorpsgronde verkoop.[2] Op 23 Maart 1891 is die grond tussen die plase Bloemheuwel aan die suide van die dorp, Kromellenboog aan die noordekant en tussen die Vaalrivier en die transportpad van Viertienstrome na Bloemhof, as openbare delwery verklaar.[3] Hierdie gronde, het die delwers gemeen, was teen die einde van 1897 uitgewerk, en op 4 Februarie 1898 is 'n publieke vergadering op Christiana gehou en die delwers het aangedring op nuwe proklamasies.[4] Die plaaslike inwoners het toe versoek dat die vreemdelinge ( delwers afkomstig uit ander provinsies) redelik belas word en dat hulle net twee trekdiere en 10 skape of bokke op die dorpsgronde mag aanhou.[5] Die orige gedeelte van die dorpsgronde is toe vir diamantdelwery beskikbaar gestel[6] en die toeloop wat hierdeur veroorsaak is, was hoofsaaklik verantwoordelik vir die toename van die dorp se bevolking in 1899. Verdere proklamasies het gevolg op 20 Desember 1904 en op 28 September 1906.[7] Prospekteerdery is voortgesit en

1. Vgl Meyer : Die Geskiedenis van Bloemhof , 15
2. Hoofstuk I, 10
3. Locale Wetten der Z.A.R. Art. 153/1891
4. Argief Christiana : Notule van Publieke Vergaderings.
5. Ibid
6. Informasie verskaf deur die Mynkommissaris, Klerksdorp.
7. Ibid

in Desember 1907 is die hele plaas Kromellenboog as publieke delwery geproklameer.[1]

### 3. Onderwys op Christiana en omstreke 1902 - 1907.

Net na die vredesverklaring in Mei 1902 was daar 'n privaatskool op Bloemhof waar verskeie persone onderwys gegee het in die kerkgebou in Princestraat.[2] Voor die einde van die jaar is die volgende skole geopen : Bloemhof, Palmietfontein en Zoutpan in September ; Christiana in Oktober en Rietfontein in Desember. Die totale inskrywing van hierdie skole was 421.[3] Die volgende jaar is skole gestig op Vuurfontein en Verlatenkraal.[4] Die gebied het toe 'n groottotaal van 494 leerlinge met 16 onderwysers gehad en die uitgawes aan salarisse vir 1904 het £1839 - 17 -10 bedra.[5]

In Desember 1904 is die stoflike oorskot van pres. Kruger in Pretoria ter ruste gelê en 'n vlaag van nasionalisme het die land oorwaai ; die eie, die tradisionele, moes behou word. C.N.O -skole, wat as bolwerk teen die vr vreemde invloed moes dien, het 'n geweldige oplewing deur die Transvaal veroorsaak, maar in hierdie distrik, nog lam na die driejarige stryd en oorlaai met 'n arm bevolking, kon weinig gedoen word om die beweging te steun. Slegs op twee plase, Newcastle en Balmoral, is op eie inisiatief georganiseer en C.N.O.-skole gestig.[6]

Vir die doeltreffende uitvoering van sy beleid het Sargent, die eerste Direkteur van Onderwys in Transvaal,

1. Informasie verskaf deur die Mynkommissaris, Klerksdorp.
2. Meyer : Die Geskiedenis van Bloemhof, 27
3. Transvaal Blue Book 1902-1903
4. Verslag van die Direkteur van Onderwys 1903
5. Ibid
6. Hoon : 'n Geskiedenis van die Onderwys van Blankes in Schweizer-Reneke en Omgewing 1889 - 1945, 58

aanbeveel dat Transvaal in 12 streke,of kringe, verdeel word en vir elk is 'n inspekteur van skole aangestel. Die Bloemhofse kring is bedien deur die heer J.H.Corbett en sou verder onder die Klerksdorpse kring ressorteer. Aangesien hierdie kring groot was,is 'n "district headmaster" ook aangestel om die inspekteur behulpsaam te wees,veral met die organisasie. Die heer J.King is in hierdie hoedanigheid vir die Bloemhofse gebied benoem en hy het die pos beklee totdat hierdie organiseerders in 1906 afgeskaf is.[1]

Die volgende skole (hoofde aangetoon) het aan die einde van 1906 bestaan :[2]

| Skool | Hoof | Sertifikaat |
|---|---|---|
| a. Bloemhof | Duncan, W. | II |
| b. Christiana | King, J. | II |
| c. Balmoral | ..... | .... |
| d. Newcastle | .... | .... |
| e. Palmietfontein | Horwood,C.D. | III P |
| f. Vechtvallei | Trenam,Mev. H.E. | III P |
| g. Verlatenkraal | De Bruyn,P.B. | III P |
| h. Vuurfontein | Yeld,Mej. I | III |

Agtien onderwysers was werksaam aan hierdie skole.[3]

Die skoolinspekteur het in sy rapport oor die toestand van die onderwys in sy kring gemeld dat die standaard van die onderwys aanmerklik gestyg het.Oor die bevordering van die leerlinge het hy o.a. gesê : "In many schools children had been promoted two standards within the same year.In many cases this rapid promotion was justified,not only in results but also by the advanced age and by the devoted work of the pupil."[4]

1.Die Christianase Dorpskooljoernaal is op 2 April 1906 soos volg gepen : J.King discontinued travelling & confined attention"to Town School,Ca."
2.Report Transvaal Education Department 1905-1906
3. Ibid
4. Ibid

Nadat die Transvaal byna drie jaar Kroonkoloniebestuur deurgemaak het,is verteenwoordigende regering toegestaan in 1905. Lord Selborne het besondere aandag aan die onderwystoestand van die land geskenk en aan die einde van 1905 'n Goewernements-minute oor die onderwysbeheer uitgevaardig.Dit was 'n baie belangrike dokument, maar dit het die oorgangsperiode 1905 tot 1906 nie veel beïnvloed nie.Transvaal is in 23 skoolraadsdistrikte verdeel wat die werk van die Onderwysdepartement vergemaklik het en die inspekteurs van skole is vrygelaat om hulle gespeisialiseerde werk voort te sit. Skoolkommissies is saamgestel onder die plaaslike magistrate,maar hulle werk is nie juis aangeprys nie ; die moeilikheid was om die regte persone te laat belangstel.[1]

Die toekenning van selfbestuur aan die Transvaal is vroeg in 1907 gevolg deur die eerste verkiesing.Tot Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys is aangestel genl. J.C.Smuts.Hy het 'n nuwe grondwet vir die onderwys opgestel en op 1 Oktober 1907 het dit van krag geword.

4. Die Onderwyswet van 1907.

Hierdie wet het vir meer as 40 jaar die grondwet van die Transvaalse onderwysstelsel gebly. Dit is dus nodig om die basis daarvan aan te gee om die verdere ontwikkeling van die onderwys na te gaan.

a. In hoofstuk 3 word voorsiening gemaak vir die oprigting en onderhoud van laer- en middelbare skole en verpligte onderwys vir alle kinders tussen 7 en 14 jaar.

b.Die medium van die aanvangsonderwys was die moedertaal,terwyl Engels gedeeltelik ingevoer sou word. Kennis van en vordering in die Engelse taal sou 'n voorwaarde vir bevordering in die openbare skole wees.Hollands

1. Report of the Director of Education 1907,59

moet aan alle kinders in openbare skole onderwys word, tensy die kind se ouers anders verlang het.Na st.III kon Hollands as medium in nie meer as twee vakke ingevoer word nie,terwyl Engels dan verpligtend was.[1]

c. Hoofstuk VII bepaal dat die skooldag in alle openbare skole geopen word met gebed en die lees van 'n gedeelte uit die Bybel ;nie-verpligte onderrig in Bybelse Ge skiedenis moet gedurende die eerste halfuur van elke skooldag deur 'n onderwyser op die personeel gegee word, maar geen leer of dogma sal aan enige godsdienstige gemeenskap,of sekte,onderwys word nie.[2]

d. Voorsiening is gemaak vir die samestelling van skoolrade en -kommissies.Hulle magte en pligte is: toesig oor skooleiendomme,aanbevelings by die rade oor sake wat die welsyn of werksaamhede van skole aangaan en die voorreg om onderwysers vir aanstelling by die raad aan te beveel.

5. Die Bloemhofse Skoolraad hou sy eerste vergadering.

Die Bloemhofse skoolraadsgebied het ooreengeslaan met die grense van die magistraatsdistrik en die eerste vergadering van die raad is op Bloemhof bepaal vir 7 Januarie 1908. Die volgende lede het die raad gevorm : ds.K.T. van den Heever van Christiana,ds. J.F. le Clus van Bloemhof, die here T.S.Shone,J.F. de Beer, F.Huyser, J. de Villiers Joubert,A.York en J.C.Visagie.[3]

Die vergadering is bygewoon deur die heer M.Wood.Hy het 'n brief van die Direkteur,die heer (later sir) J.E. Adamson,voorgelees,waarin die agenda vir die vergadering

1. Wet No. 25 van1907 Hoofstuk 6,Art. 30/33
2. Wet No. 25 van 1907 Hoofstuk VII Art 34
3. Notule van die Bloemhofse Skoolraad,Boek 1

aangedui is. Die raad het toe oorgegaan tot die afhandeling van die agenda. Di. van den Heever en le Clus is gekies as voorsitter en vise-voorsitter onderskeidelik, die heer F. Jooste is benoem as sekretaris en penningmeester en die raad het 'n sterk aanbeveling gedoen dat die bestaande skole opgeknap word, veral die op Zoutpan en Vuurfontein.[1]

Die raad het toe oorgegaan tot die bespreking van 'n mosie wat die vorige dag op 'n vergadering van die Christianase skoolkommissie aangeneem is, nl.: "De Kommissie acht het onwenschelyk en niet berekend tot vooruitgang van de school dat de heer King woonachtig is, niet op de dorp, maar op een buitenplaas [2], alwaar er aan boerdery gedaan word."[3] Nadat die mosie bespreek is, het die raad die volgende besluit geneem : "... dat de hoofdonderwyser van de Christiana dorpschool voortaan een persoon behoort te zyn die Hollands en Engels volkomen machtig is, en in staat is behoorlyk onderwys te geven in de Hollandse en Engelsche talen en verder te kunnen oordelen of zyn staf behoorlyk en grondig onderwys kan geeven, en geeft, in beide talen."[4]

6. Die beleid van die Bloemhofse Skoolraad.

Die Onderwysdepartement het geweier om die heer F. Jooste as sekretaris te benoem en die heer P.J. van Duyn het die pos as deeltydse sekretaris vir die volgende 5 jaar gevul.[5]

Die eersvolgende vergadering is op Christiana gehou, maar die byeenkoms van 9 Maart het op die sentraalgeleë

1. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 1
2. Hy het op Prospect, 5 myl buite Christiana gewoon.
3. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 1
4. Ibid
5. Ibid

plaas,Klipfontein,plaasgevind. Die vergadering van 7 mei is bestem vir Bloemhof en uitgesonderd die een wat op Vuurfontein gehou is,het die raad op Christiana vergader totdat die setel na Wolmaransstad verskuie is in 1946 en Bloemhof die vaste vergaderplek geword het.

Die Wolmaransstadse skoolraad het hom beywer vir sentralisasie,maar die Bloemhofse raad het die teenoorgestelde beleid gevolg,nl. bring die skool na die huis en die kind. Op sy eerste vergadering het die raad aansoeke vir 7 nuwe skole oorweeg en waar enigsins regverdiging vir so 'n stap gevind is, is die aansoeke aanbeveel by die Onderwysdepartement. Die gevolg was dat die raad teen 1910 nie minder as sewe eenmanskole in die lewe geroep het nie.[1]

Die raad het hom sterk beywer om die eentalige Engelssprekende onderwysers wat deur die vorige regering in hierdie gebied benoem is en nie tot die vooruitgang van die onderwys bereken was nie, in 'n ander omgewing geplaas te kry.Mej. A.L.Just, wat aan die Bloemhofse skool werksaam was en weinig of geen kennis van Hollands gehad het nie, sou beter inpas by 'n skool waar onderrig in Hollands nie 'n vereiste was nie. Die raad het haar onmiddellike verplasing aanbeveel en toe die Direkteur weier,is die saak na die Koloniale Sekretaris verwys en met ingang van die derde kwartaal 1908 is die onderwyseres verplaas.[2] Mej. I.Yeld,die eentalige prinsipale van Vuurfontein,het haar pos in 1909 neergelê.[3] Die raad en die kommissie het meer as 6 jaar geagiteer om die heer King te laat verplaas op grond dat die Hollandse taalonderwys verwaarloos word in sy skool.[4]

1.Jaarverslag 1910, 276
2.Notule van die Bloemhofse Skoolraad,Boek 1
3. Ibid
4. Ibid, Boeke 1 en 2

7. Onderwys op Christiana 1908 - 1910.

Die gebou waarin die skool in 1902 heropen het, het nie oor genoegsame vloerruimte beskik nie. Hierdie toestand is opgelos toe die nuwe skoolgebou op erf 144 in September 1906 betrek is.[1] Voor die einde van die jaar is die skool se werksaamhede onderbreek toe die distriksgeneesheer aanbeveel het dat die skool moet sluit as gevolg van 'n epidemie van skarlakenkoors in die dorp en distrik.[2] Met ingang van die nuwe jaar het die skoolwerksaamhede hervat en in Februarie het inspekteur Corbett inspeksiebesoek afgelê.

Die volgende tabel toon die uitslae van die oorplasingseksamen:[3]

| Klas | Aanwesig | Slaag |
|---|---|---|
| Grade | 110 | 94 |
| St. 1 | 25 | 19 |
| " II | 33 | 21 |
| " III | 32 | 4 |
| " IV | 28 | 25 |
| " V | 19 | 17 |
| " VI | 2 | 1 |
| " VII | 8 | 7 |
| " VIII | 7 | 0 |
| | 264 | 188 |

Die rapport wys daarop dat die uitslae nadelig beïnvloed is deur die onderbreking van die skool se werksaamhede gedurende die laaste kwartaal van die vorige jaar, maar die heer Corbett het die swak uitslae ook aan die ongereelde skoolbesoek van die leerlinge toegeskryf. 'n Dorpskool se besoek, konstateer hy, is omstreeks 90% van

1. Christianase Dorpskooljoernaal.

2. Ibid

3. Christianase Dorpskooljoernaal ged. 24 Feb. 1907

die inskrywing,maar Christiana het nog nooit 80% behaal nie.'n Derde oorsaak vir die onbevredigende uitslae vind hy in die groot aantal agterlike kinders en die vierde oorsaak moet aan die personeelverwisselings toegeskryf word.Die swakste vak in die skool was rekenkunde.[1] Voor die einde van die eerste halfjaar het die inspekteur weer besoek aan die skool afgelê.Die inskrywing het op 347 gestaan,maar slegs 209 was aanwesig op die eerste dag van sy besoek.[2] Hy het o.a. soos volg gerapporteer : "I found Stds. VI to VIII very listless.All but three are girls,or one might say,young women.It appeared to me that many of them were at school merely for the lack of something else to do." In st. VI was 4 leerlinge wat nie Hollands as vak geleer het nie. "The Committee tell me that they feel it a duty to insist on the provision of a teacher for Grades II and III who shall be able to explain in the Taal.They do not ask for High Dutch."[3] Daar was leerlinge in die hoër klasse wat baie swak was en die heer Corbett het dit toegeskryf aan die feit dat ouers al jarelank weier om hulle kinders Hollands te laat leer,hoewel dit hulle moedertaal was.[4]

Na die eerste halfjaar van 1909 het die inskrywing begin daal.Daar was toe 10 leerlinge in sts.VI en VII teenoor 29 die vorige jaar.Hoewel die werk oor die algemeen van hoër gehalte as die vorige jaar was,het die peil van Hollands nog nie die vereiste standaard bereik nie.[5]

---

1.Christianase Dorpskooljoernaal Feb .1907

2. Ibid, Junie 1907

3. Ibid

4. Ibid

5. Ibid, Sept. 1909

Op aandrang van die skoolraad het die hoof in 1910 'n stelsel van môre- en middagsessies ingevoer,maar die inspekteur het dit afgekeur.Hy het die raad oorreed om nie weer op die stelsel aan te dring nie en dit is vir goed afgeskaf.[1]

8. Die voertaalvraagstuk op Christiana.

Die voertaal was 'n vraagstuk van die eerste rang. Die raad het op sy heel eerste vergadering die wenslikheid dat 'n tweetalige hoofonderwyser aangestel word,beklemtoon en was daarna suksesvol in sy agitasie om 'n eentalige Engelssprekende onderwyseres te laat verplaas.Maar beide die raad en die plaaslike skoolkommisse het gevoel dat die onderwys van Hollands onder die bestaande taalregulasies nie uitgevoer word nie, en dit het duidelik geblyk uit die inspeksierapporte en veral uit die uitslae van die publieke eksamens. Die raad het met groot teleurstelling verneem dat nie een van die kandidate wat die Taalbondeksamen in 1909 geskryf het,aan die vereistes om te slaag,voldoen het nie.[2]

Die skoolkommissie het die werklike leemte in die taalonderwys ingesien en die inspekteur versoek om toe te sien dat onderwysers vir die grade bekwaam was om in die Taal (Afrikaans) te verduidelik."They do not ask for High Dutch." Die kommissie het deeglik besef dat die voertaal van die aanvangsonderwys nie Hollands of Engels moes wees nie.

Die inspekteur het in sy rapport van 1908 aangevoer dat die onderwys van Hollands groot moeilikhede moes oorbrug omdat die peil van die individuele leerlinge in

1. Christianase Dorpskooljoernaal Nov. 1909

2.Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 1

dieselfde klas so uiteenlopend was.Die Direkteur van Onderwys het in 'n byvoegsel to t hierdie rapport daarop gewys dat hierdie toestand waarskynlik die gevolg was van die feit dat baie leerlinge maar onlangs met die leer van Hollands begin het "and some Dutch-speaking children have been shortsightedly withdrawn from this subject."[1]

Omsendbrief no.1 van 1908 het volledige voorskrifte aan die skole uitgereik betreffende die taalregulasies in die openbare skole.Skole op die dorpe met 'n gemengde bevolking kon parallel klasse of dubbelmediumonderwys instel.Die raad het van hierdie regulasie gebruik gemaak met die verwagting dat die voertaalvraagstuk van die plaaslike skool opgelos sou word. Die raad het sy korrespondensie met die skoolkommissie i.v.m. die voertaal van bepaalde leerlinge aan die inspekteur gestuur en het terselfdertyd daarop aangedring dat 'n Engelsmediumklas of -klasse vir die skool ingestel word.[2] Die hoof het die aanbeveling van die raad uitgevoer,maar die inspekteur was nie tevrede hiermee nie,veral omdat hy nie die maatstaf vir die vasstelling van die voertaal van die leerlinge kon onderskryf nie.Die heer Corbett het gekonstateer dat nie die van nie,maar wel die huistaal die voertaal aangewys het. Die hoof het toe die heer Corbett versoek om 'n algemene,geskrewe instruksie oor die prosedure om die voertaal vas te stel,te verskaf,maar die inspekteur het geweier.[3] Tydens sy volgende besoek het die Engelsmediumklas nog bestaan, maar die inskrywing het van 40 tot 24 gedaal,en toe was daar nog "about half-a-

1. Christianase Dorpskooljoernaal 1908

2. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 1

3. Christianase Dorpskooljoernaal Nov. 1909

dozen of them (who) appeared to be Dutch-speaking, although they bear non-Dutch names."[1]

Die voertaalvraagstuk is tot 'n mate opgelos toe 'n onderwyser vir die onderrig van Hollands in die hoogste klasse benoem is, maar hy het skaar 'n jaar gedien of die raad het toegestem dat hy verplaas word.[2]

9. Vooruitgang in die Bloemhofse distrik 1907- 1910.

Op sy heel eerste vergadering het die raad aansoeke vir die opening van sewe skole oorweeg, nl. Zoet-en-Smart, Republiek, Klipkuil, Mooifontein 128, Mooifontein 353, Ebenezer en die heropening van Rietfontein 154.[3]

Hier volg 'n lys van skole wat gedurende 1907 tot 1910 opgerig, in stand gehou of gesluit is :[4]

| Skool | 1907 | 1908 | 1909 | 1910 |
|---|---|---|---|---|
| a. Balmoral | x | x | x | Sluit |
| b. Bloemhof | x | x | x | x |
| c. Christiana | x | x | x | x |
| d. Fouriesgraf | | | x | x |
| e. Kareelaagte | x | Amalgameer met Klipkuil | | |
| f. Klipkuil | | x | x | x |
| g. Mooifontein 128 | | | x | x |
| h. Mooifontein 353 | | | x | x |
| i. Newcastle | x | x | x | x |
| j. Paardenfontein | x | Sluit | | |
| k. Palmietfontein | x | x | x | x |
| l. Proposal | | x | x | x |
| m. Uitvalskop | | | x | x |

1. Christianase Dorpskooljoernaal Junie 1910

2. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 2

3. Ibid Boek 1

4. Gegewens geput uit die Jaarverslae 1907 tot 1910

| Skool | 1907 | 1908 | 1909 | 1910 |
|---|---|---|---|---|
| n. Vechtvallei | x | x | x | x |
| o. Verlatenkraal | x | x | x | Sluit |
| p. Vuurfontein | x | x | x | x |
| q. Zoet-enSmart | | | x | x |
| r. Zoutpan | | | x | x |

In 1910 was die gemiddelde inskrywing van hierdie skole 750 en die opkoms 642, of 85,6%.[1]

(Die lotgevalle van die skole op Uitvalskop, Fouriesgraf en Zoet-en-Smart word nie verder nagegaan nie omdat hulle aandag geniet het in die heer M.G.Hoon se verhandeling "'n Geskiedenis van die Onderwys van Blankes in Schweizer-Reneke 1889 - 1945).

OP 30 Junie 1910 was 14 skole werksaam onder die Bloemhofse raad. Vyf van hulle was tweemanskole, sewe was eenmanskole, Bloemhof het 'n personeel van drie getel en daar was elf lede op die personeel van die Christianase skool.[2]

In die verslag oor die toestand van die onderwys in sy kring het die heer J.P.Botha hom soos volg oor die eenmanskole uitgelaat :[3] "As die st.V en VI leerlinge na ander skole oorgeplaas is, en die bestaande regulasies uitgevoer is, sou die inskrywing nie al die eenmanskole se verdere bestaan regverdig het nie. Die gevolg was dat die standaard van die werk aan hierdie skole bepaald onder peil was. Tog het die een- en tweemanskole

1. Jaarverslag 1910
2. Ibid
3. Ibid

groot sukses in die skooleind-sertifikaateksamens behaal.

10. Die toestand van die onderwys in Junie 1910.

a. Geboue en meubels. Gedurende 1910 het Zoutpan en Vuurfontein elk 'n nuwe skoolgebou en onderwyserwoning gekry en die bestaande geboue op Christiana is opgeknap. Nuwe geboue was dringend nodig op Newcastle en Verlatenkraal.

Gestadige vooruitgang is gemaak om 'n aantal skole van die noodsaaklikste ameublement te voorsien. Daar was nog 'n groot tekort aan skoolkaste, en geskikte landkaarte was nog steeds iets om na uit te sien. Selfs swartborde was nog in aanvraag.[1]

b. Skoolbesoek en personeel. Oor die skoolbesoek het die heer J.P. Botha, skoolinspekteur, hom soos volg uitgespreek : When we consider the factors operating against regular attendance such as ploughing, harvesting, swollen spruits during the rainy season, and apathy on the part of the parents, we can at least be thankful that the attendance is not worse."[2]

Personeelverwisselings was tot 'n groot mate te wyte aan die toestande waaronder meeste van die onderwysers op die plase moes lewe. Dit sou in die belang van die onderwys wees, het die inspekteur gemeen, as die Departement van Onderwys eers 'n waarborg vir behoorlike huisvesting kon afdwing voordat die opening van 'n nuwe skool toegestaan word.

c. Die leervakke. Oor die algemeen was Hollands van 'n hoër gehalte as Engels aangesien ongeveer 98% van die leerlinge van Hollandse afkoms was. Die Hollandse lees-

1. Report for the Year ended 30th June 1910, 254

2. Ibid, 111

boeke het woorde en uitdrukkings bevat wat vir die Afrikaanse kind onbekend was, en voldoende moeite om te verseker dat die leerlinge hulle goed verstaan. het dikwels agterwee gebly. Die uitspraak van eu. ui en u was te dikwels nog slordig.[1]

Engels lees het nog nie die gewenste standaard bereik nie en die oorsaak moes gesoek word by die aanvangsonderwys waar spreeklesse verwaarloos is. Die gevolg was dat wanneer die kind in st. I 'n leesboek kry daar groot moeilikhede om te oorkom was. Slegte uitspraak en onintelligente lees was die vrug van hierdie tekortkoming in die aanvangsonderwys. Dit was 'n alledaagse verskynsel dat leerlinge Engels vlot lees en tog min begryp van die inhoud van die leesstof.[2]

In die meeste van die skole was opstelskryf die swakste vak. Wat die taal betref het,was die Engelse opstelle beter as die Hollandse.Albei was vreemde tale,maar waar die onderwysers probeer het om korrekte Engels met die leerlinge te besig en korrekte antwoorde te verkry, was dit nie die geval met Hollands nie. Onderwysers was gewoonlik tevrede met antwoorde in Afrikaans, en hierdie gebruik het nie die taalgehalte verbeter nie.[3]

Waar veral die plaasskole probeer het om die voorgeskrewe leergang in rekenkunde deur te werk,was die uitslae teleurstellend. Sommige skole het egter probeer om net 'n gedeelte te doen en die werk was dan ook gewoonlik deeglik. Aangesien hierdie vak baie tyd en toewyding vereis, is te veel tyd hieraan bestee en die ander vakke is gevolglik verwaarloos.[4]

1. Report for the Year ended 30th June 1910, 114

2. Ibid

3. Ibid

4. Ibid, 113

Genoeg tyd is nie aan die onderwys van aardrykskunde bestee nie en die inspekteur was van oordeel dat dit swakker was as wat dit moes wees. In baie skole was daar nog 'n tekort aan landkaarte en sommige skole het geen landkaarte besit nie.[1]

Oor die algemeen is natuurkennis goed onderrig. 'n Groot moeilikheid was die tekort aan, of volslae afwesigheid van, handboeke. Hierdie moeilikheid word gestadig oorbrug.[2]

Dit was vir die inspekteur aangenaam om te rapporteer dat die onderwys van Bybelse Geskiedenis bevredigend was. Hierdie toestand kon gedeeltelik toegeskrywe word aan die feit dat huis, skool en Sondagskool saamwerk aan die onderrig van hierdie leervak.[3]

## 11. Samevatting.

As gevolg van die ontginning van diamante na die Driejarige oorlog het die bevolking van die Bloemhofse distrik aanmerklik toegeneem. Skole het kort na die vrede heropen en teen 1910 het die inskrywing meer as 700 getel in 14 skole. Die aantal skole het toegeneem veral nadat die Onderwyswet van 1907, wat voorsiening gemaak het vir vry en verpligte onderwys, toegepas is. Daar moes van vooraf 'n begin gemaak word met die oprigting van skoolgeboue en onderwyserswonings en 'n groot mate van vooruitgang kon teen 1910 gekonstateer word.

Eentalige Engelssprekende onderwysers kon die onderwys van Hollands nie tot sy reg laat kom nie, en dit het nie samewerking tussen huis en skool in die hand gewerk nie. Die voertaal het 'n aktuele vraagstuk geskep.

---

1. Report for the Year ended 30th June 1910, 115
2. Ibid
3. Ibid

Die skoolraad se beleid van desentralisasie het gelei tot die stigting van 'n aantal klein skole waar onderwysers en leerlinge aanvanklik swak behuis is. Ten spyte van moeilikhede het die onderwys vooruitgegaan.